# Liturgiese Riglyne

## NAGMAAL

**SONDAGOGGEND 09:00**

## Wat 'n ervaring!!

**Skriflesing:**
Psalm 34
(Verw 1 Sam 21:12-15)

**Teksvers:**
Psalm34:9

**Sing:**
Ps 34:1,2
Ps 32:1,6
Ps 34:6,8
Sb 17-3:1,2
Ps 89:1,3
Ps 145:1,2,3,12
Sb 13-3

**Prediker**: Ds Maarten van Helden

Ter voorbereiding van die prediking en Nagmaalviering is dit nogal nodig dat jy rustig dink oor hoe goed die Here al vir jou was. Miskien moet jy soos Dawid 'n bepaalde insident in gedagte roep.

Dawid verwys hier na die episode by die stadspoorte van die Filistynse koning Agis (sy ampstitel was Abimeleg), waarvan ons kan lees in 1 Samuel 21. In die tyd van die vervolgings deur koning Saul het Dawid baie sulke noue ontkomings beleef. Die Here het hom uit gevare en benoudheid gered en dit het hom *'n bepaalde ervaring* van sy God gegee.

**SONDAGAAND 18:00**

## Gedenk die rusdag, en dink aan jou verlossing

**Skriflesing:**
Eksodus 20:8-11;
Deuteronomium 5:12-15

**Teksvers:**
Eksodus 20:8

**HK** Sondag 38

**Sing:**
Ps 92:1, 2
Ps 84:3
Ps 45:1, 9, 10, 16
Ps 92:6, 7
Sb 13-3

**Prediker**: Ds Lourens Venter

Gedenk die rusdag, en onderhou die rusdag, dit is die onderskeid in die 40 jaar van die woestyn. Gedenk die rusdag, want God het op die 7de dag gerus, maar so ook moet jy hierdie herdenking bly onderhou in die beloofde land. Want Israel was 'n slaaf in Egipte. Dink dan aan jou verlossing, en gedenk die HERE se werke.

So kan ons ook op die rusdag gedenk en onderhou, dat ons van die slawerny van die sonde vrygemaak is om God te dien. Kom dan na die Nagmaal, om te gedenk, om te dink aan jou verlossing...




# KOMMUNIKAATJIE

**Gereformeerde Kerk Centurion**

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

**Jaargang 47 Nr 32 18 Sept 2022**


## 'n Eselsbegrafnis!

Ek kan nogal dink dat ongelowiges of agnostiese mense nie so baie van die Bybel hou nie (dis nou as mens die Bybel in geheel lees). Daar is gedeeltes soos ***Jer 22:19 en 36:30*** wat vertel van die uiteinde van koning Jojakim. Hy word nie eens begrawe nie.

Wanneer iemand destyds gesterf het is hy of sy gou begrawe, meesal nog dieselfde dag. Die weer kan nogal baie warm word in die Midde-Ooste. Niemand is egter op 'n Sabbat of Feesdag begrawe nie, maar dan in reukolie en linne toegedraai en die volgende dag begrawe. Die oë toegedruk, liggaam is gewas en op 'n draagbaar geplaas (nie in 'n kis nie), en so in die graf gelê.

Die liggaam is nie gebalsem nie. Ook *nooit* verbrand nie, behalwe as dit 'n misdadiger was of iemand wat 'n vreeslike sonde gepleeg het.

Die grootste skande was om *onbegrawe* gelaat te word. En dit is presies wat met hierdie koning Jojakim gebeur. Sy sonde was so groot en sy verwerping van die profetiese woorde (die boekrol wat hy openlik verskeur en in die vuur verbrand) so erg, dat God hom verwerp. Hy word soos 'n domme dier behandel. Begrawe soos 'n donkie – maw *weggegooi*, sonder begrafnis, in die veld.

Hierdie gedeelte wys ons weereens dat God nie met Hom laat speel nie, en dat sy profete en hulle profetiese woorde (vandag die Bybel) nie geminag mag word nie. Wie werklik nie wil glo nie en sy Woord verwerp word voor God nie eintlik veel beter beskou en behandel as 'n domme dier wat nie eens 'n siel het nie!

Die wonder is egter dat God ons anders as diere maak. Hy gee ons 'n siel en gees wat diere nie het of ooit gehad het nie (die werklike antwoord op die evolusioniste). Hy sluit 'n verbond met ons en ter wille van sy verbond gee Hy sy Seun. Jesus betaal vir die ergste van ons sondes en was ons skoon en vry. Hy word begrawe en staan op om selfs die graf te oorwin.

Vir so 'n mens het God plek en tyd, selfs by jou begrafnis!

Daarom hanteer ons ook die liggame van ons afgestorwe medegelowiges met eer. So word God ook by die begraafplaas verheerlik.

Ds Maarten

# *ALGEMENE INLIGTING*

***EREDIENSTYE***

Afrikaanse Oggenddiens: 09:00
Engelse Diens: 11:00
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

Vrug van die Gees!

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855
Ds Gerrit Kruger: 082 964 5595
Ds Lourens Venter: 082 529 2330

*Kantoorure:* ***Ma-Do*** *08:15 - 13:00*
Telefoon: **012 664 2614**
Epos: Kerkkantoor—**kerkkantoor@gkcenturion.co.za**

Basdenlaan 226
Lyttelton

***Inhandiging van Kommunikaatjie-berigte sluit Woensdae om 12:00***

- - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - -

**NUWE INTREKKERS:** Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

**VIDEO UITSENDINGS** Volg skakel op gemeente se webblad **gkcenturion.co.za** of ons internetskakel **stroom.gkcenturion.co.za**

**EREDIENSTE OP INTERNET:** http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname).

**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON**: TOEP: **Kerkdienst Gemist.**

**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK:** Esmé 083 381 6428/esmel.prins@gmail.com.

**KATKISASIE**: Vandag: Geen (Nagmaal)   Volgende week: Hersiening Les 14-20, Ps 40:4

**KLEUTERKATKISASIE**: (2-5jr): Ouers neem asb u kleuters ná Skriflesing na die kleuterklas.

## KOLLEKTES

**Vandag:** Tydens erediens: Barmhartigheid

By die deure: Biblos

**Volgende week:** Barmhartigheid

By die deure: Kerkkas

***Maandelikse bydraes dmv EFT***
***Verwysing:*** *Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr*

| Kerk se bankbesonderhede: | Inbetalings vir die Diakonie: | Inbetalings vir die Susters: |
|---|---|---|
| Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion | Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion | Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters |
| Bank: ABSA Lyttelton | Bank: ABSA Lyttelton | Bank: ABSA Lyttelton |
| Takkode: 632005 | Takkode: 632005 | Takkode: 632005 |
| Rek no: 600 340 409 | Rek no: 600 280 589 | Rek no: 600 340 417 |



# VAN DIE KERKRAADSTAFEL

**Ter Approbasie:**
Ouderlinge: Alwyn Kotze, Corne Smuts, André Pretorius, Cobus Buys
Diak: Christopher Fourie
**Onthef van die Roeping as:**
Ouderling: Kobus Strydom
**Ontslag** word toegestaan op 16 Okt, tydens die aanddiens, aan:
Oudl: Elmo Johl, Danie Rheeders, Jan van Rooy

## Attessake soos op 15 Sept 2022

**Met attestasie aangesluit**
Hans Stronkhorst van GK Pretoria Brooklyn (C05)
Andries en Annemarie Alberts van GK Rooihuiskraal (B07)
Irene Grobler van GK Bronkhorstspruit (B06)
Hendrik en Beatrix Kotze van GK Magalieskruin (C03)
Hennie en Anna Venter van GK Boksburg (B07)
Julie van Wyk van GK Drie Riviere, Vereeniging (A)
Solly en Drien Nel van GK Primrose (B16)

**Met attestasie vertrek**
Pieter en Liezl Smit en 1 dooplidmaat na GK Strand (B13)
Carel en Elize Impey na GK Wierdapark (B18)
Dirk en Lida Lochner na GK Vredenburg/Saldanha (B11)
Petrus en Jannet Gildenhuys en 1 dooplidmaat na GK Kaapstad (C13)
Luzaan van Heerden en 1 dooplidmaat na GK Wierdapark (B02)
Franco vd Walt na GK Wierdapark (B11)
Elmo en Zillah Johl en 1 dooplidmaat na GK Wapadrand (E01)
Leoné Johl na GK Wapadrand (E01)
Rudolf Reynecke na GK Wonderboom-Suid (A10)


**Gemeenskap beëindig**
Jan en Christine du Plessis en 1 dooplidmaat na NG Middelburg-Suid (B11)
Camelius en Elmarie vd Riet en 2 dooplidmate na die Fam Kerk Midstream (C15)
Arno Myburgh na NG Monumentpark

**Opnames**
Lucia Stronkhorst
Jaques en Elani Stephens
Annelise Kruger
Stephanus Schoeman
Ettiene en Lirieka Rousseau en 4 kinders
Izelle Gouws

**Argief**
Rohan en Alta de Beer (B10)
Armand de Beer (B10)
Andries en Hester Bester (B11)
Tjaart Bester (B11)



# Familie Naweek



**23-25 September**

**Tema: 'n Lewe vervul met die Vrug van die Heilige Gees**

Die Familie Naweek word gehou op die kerkterrein. Kom deel in 'n naweek vol pret en Geestelike verryking.

Begin Saterdagoggend met 'n vroegoggend (07:00) stap of koffie by die Smuts-huis voor die dag se program om 09:00 begin.

Stuur asseblief jou naam en kontaknommer na jou wyk se diaken.

Gee u naam vanoggend op by De Wet Burger (083 216 2876) onder die olyfboom.

**Gereformeerde Kerk Centurion**

## Kerkkamp 23-25 September 2022

## 'n Lewe vervul met die Vrug van die Heilige Gees

**Vrydag, 23 September**


18:00 Opening
Aandete
19:00 Vrugtemark – Groepsvorming – 7 geheime van sukses in die lewe
Samesang/Groepe
21:00 Afsluiting

**Saterdag, 24 September**

07:00 Smuts-huis stap
09:00 Koffie en Beskuit
09:30 Vrot Vrugte Verderf
10:30 Sluk 'n Slaaiblaar
11:00 Vars vrugte verfris
13:00 Middagete
Siesta
15:00 Soek 'n slak en gee hom sout (speletjies)
17:00 Braai en kuier
Samesang/Aanbied van Vrugte
Afsluiting

**Sondag, 25 September**

08:30 Samevatting en illustrasie
09:00 Erediens






# *Verjaarsdae*

***Belydende lidmate***

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 18-Sep | Neels | Engelbrecht | A14 | 27834738975 |
| | Koos | Prinsloo | A06 | 27828019400 |
| | Antionette | Wagner | B05 | 27832646210 |
| | Reinhardt | Wagner | B05 | 27716052258 |
| 19-Sep | Paula | le Roux | C11 | 27824042462 |
| 20-Sep | Danie | du Toit | C10 | 27721745390 |
| | Edmund | Mc Cabe | B19 | 27795543392 |
| | Ralph | Mc Cabe | A16 | 27834073040 |
| | Nicola | Wakeford | C07 | 6637638 |
| 21-Sep | Charlotte | Fourie | B13 | 27834099080 |
| 22-Sep | Anneke | Beumer | C04 | 27822935180 |
| | Ignus | Jonker | B04 | 27832842974 |
| | Bets | Prinsloo | C15 | 27828899650 |
| | Jan | van Rooy | C04 | 27828205856 |
| | Hettie | v Schalkwyk | A14 | 27723797624 |
| 23-Sep | Mollie | Buys | B07 | 27845976228 |
| 24-Sep | Elesa | Dreyer | B09 | 27768041582 |
| | Bets | Roos | B09 | 27826874885 |
| | Lourette | vd Berg | B11 | 27822692894 |

***Dooplidmate***

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 18-Sep | Anais | Lourens | A10 | 27827902244 |
| | Elriké | Myburgh | B05 | 27828725677 |
| 20-Sep | DP | vd Walt | B03 | 27845499831 |
| 22-Sep | Lisa | Jooste | C06 | 27720429738 |
| | Ameliah | v Schalkwyk | B14 | 27848190026 |

# *Ons gee om vir Mekaar*

*"Net by God vind ek rus..." Ps 62:1*

- Laurette Snyman het 'n oogoperasie ondergaan (A4—347 0401).
- Lukas du Preez het 'n draai in die hospitaal gemaak (B8—345 1715).
- Martie Hoffman sterk aan in Unitas Hospitaal (A2—082 780 8759).
- Mieke vd Heever sterk aan na 'n val en 'n heupvervangingsoperasie (C2—081 793 8279).
- Stephanie vd Walt sterk aan in Unitas Hospitaal (C12—663 2410).
- Jean Boon ondergaan tans nog behandeling (B18—072 872 1755).
- Mila Kruger het 'n draai in die hospitaal gemaak (A12—082 948 8739).
- Cas Swanepoel herstel baie goed na vliegongeluk (A12— 672 3941).
- **Meelewing:** word betuig met:
  - Willie en Petra Swanepoel en familie na die afsterwe van Petra se vader.
  - Rina Naude en familie na die afsterwe van Rina se seun gedurende die week.

***Ons lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra***

## *Alethea Outreach 11:00*

Worship Service
Like us on facebook:
https://www.**facebook**.com/aletheaministry/

**Van der Walt huisonderhoud—**Vir enige herstel-, verf-; teëlwerk; badkamers; staalwerk; sekuriteitshekke en diefwering; plaveisel; dakwaterseëling; palissades; bouwerk; ens. Vir gratis kwotasie skakel Hennie vd Walt 0829274326/ hj2vdwalt@gmail.com.

**Professionele grimering** vir matriekafskeid, troue of spesiale geleentheid. Kontak Michelle vd Berg 0826402571 of michelle.minibar@gmail.com

**Lekker beskuit en koekies—**R50 vir 500g koekies (gemmer, klapper, soet, romany creams, crunchies, appelkooskonfyt). R100 - R120 vir 1kg beskuit (bran, meusli, karringmelk, cranberry, kaneel). Kontak Ria 0828752877.

**Het jou naaldwerkmasjien 'n diens nodig?** Ons diens en herstel alle naaldwerkmasjiene. Kontak Dalena 072 974 2728.

Ek spesialiseer in die **registrasie van huisoordragte.** Onthou dit is u, die Verkoper se keuse om die prokureur aan te stel. Ek sal u graag van diens wil wees. Pieter Wolmarans 083 949 88 99. PF Wolmarans Prokureurs.

Wil U graag jou huis met 14 grade C verminder in Somer en 10 grade C verhoog in Winter?. Installeer **glaswolmat** met Duitse tegnologie op jou plafon. Kontak Billy du Toit 0822121372 vir meer besonderhede.

**Tuinwoonstel te huur** (R3100) Lyttelton x1 vanaf 1 Okt. Enkellopende persoon, geen rook of troeteldiere. Geen deposito, W&L uitgesluit. Annatjie Rademan 076 408 6522.

## Afri-Duetfees 2022

Aangebied deur

GK Magalieskruin

Vrydag, 21 Oktober (19:00)

Saterdag, 22 Oktober (15:00)

Besprekings: 082 377 1112

Aangebied by **NGK Elarduspark**

# Bybelstudie

## Juventus (18-24)

Dinsdagaande 18:00

\- - - - - -

## Ouventus (25-35)

Woensdagaande 19:00

### Eljada Huis

**Volledige behoeftelys:** Is op die kennisgewingbord geplaas

**Deurlopende behoeftes:** Margarien, konfyt, grondboontjiebotter, suiker, koffie, tee, hawermout, macaroni, rys, koekmeel, kookolie, gebakte bone, soja, vis in tamatiesous, bruinlensies, droë ertjies, soppoeier, waspoeier, toiletpapier, tandepasta, badseep, skeermesse, sjampoe, sanitêre doekies.

Plaas die goedere in die waentjie onder die boom. Baie dankie.

Hennie vd Vyver 084 424 0421

### Aanbied van Bybelstudie by Eljada

Sou U bereid wees om een keer per maand Bybelstudie by Eljada Huis in Pretoria-Wes aan te bied? Ongeveer 10 mensies wat graag die Woord van die Here wil bestudeer. Werklik verrykend!

Indien U belangstel kontak asb vir Billy du Toit by 0822121372. Hulp en leiding sal deur my verleen word indien nodig.

### Beroepe aanvaar

Ds DJ (Dirk) de Bruyn van GK Middelburg, Oos-Kaap, na GK Mosselbaai as medeleraar.



### Sendingoggend

Die EVK nooi u hartlik uit om na Dr Victor Pillay, predikant van Laudium en dosent by Mukhanyo, op Saterdag, 22 Okt van 9:00 tot 13:00 te kom luister. Dit is 'n inligtingsessie om toeligting te gee oor die beginsels van die Hindoe en Moslem gelowe en hoe om gesprekke met sulke mense aan te knoop en hulle te evangeliseer.

Victor gaan ook die diens by Alethea op 23 Okt om 11:00 waarneem.

Gee asb u naam op by die kerkkantoor/ Hein Venter (083 357 6141)/Rika Pretorius (082 559 7705)/Marlou (082 412 4313) indien u beplan om die geleentheid by te woon ter wille van beplanning vir verversings.

## Geestelike Opbou

Die EVK nooi u hartlik uit na die geestelike opbou na afloop van die aanddiens op Sondagaand, 23 Okt. Geopende Deure gaan praat oor evangelisasie wêreldwyd, vervolging en spesifiek ook fokus op die uitdagings in Afrika.

### Manlike sendingwerker gesoek

Die EVK is op soek na 'n manlike sendingwerker vir Leeuwkopgevangenis. Die take van so 'n persoon is om gevangenes wat by die Crossroadsprogram ingeskryf is geestelik te bedien met oordenkings, terugvoer op lesse en persoonlike gesprekke. Die persoon sal 'n polisieklaring moet kry asook 'n klaring by die gevangenis om daar te kan ingaan. Crossroads sal help met die proses.

Ons kan geldelike steun gee vir brandstofkoste.

Kontak gerus vir Marlou van den Berg (082 412 4313) vir meer inligting.

### TEESKINKBEURTE

Instruksies vir die regsit voor die diens, skink en opruim na die erediens is in die kombuis opgeplak.

**18 Sep 22**

| | |
|---|---|
| Ronel Hoogenboezem | Blok A |
| Petra Terblanche | Blok B |
| Marietjie Smit | Blok C |

**25 Sep 22**

| | |
|---|---|
| Wilna van Zyl | Blok A |
| Liana van Rooy | Blok B |
| Gerda Pieters | Blok C |



## GKC Kosbank

Die doel van die kosbank is om aan lidmate en hulle families kos te voorsien tydens 'n siekte/hospitalisasie/ herstelproses.

Indien jy bewus is van 'n behoefte, kontak asb: Diaken, Ouderling of Predikant.

*Met my hele hart wil ek die Here loof in die samekoms van die opregtes, in die gemeente. Die werke van die Here is groot, almal wat daarin vreugde vind, dink daaroor na.*

*Psalm 111:1 en 2*